

## 'n Kwiltstorie uit die die Bo-Karoo

Maryna Visser



*Ek het gou besef dat ek nie 'n boer is nie en dat dit belangrik is om 'n stokperdjie te hê en om besig te bly.*

As stadsjapie het die Karoo my nog altyd bekoor. Niks is mooier as die grasvlaktes wat begin verkleur in die herfs nie. Om wakker te word in die oggend en net die voëls te hoor of die tarentale met sonsondergang is sowaar 'n lafenis vir die siel.

Ek het grootgeword op Uitenhage en later Baai toe getrek waar ek lank by 'n motormaatskappy gewerk het. Ek het my man, Charl, in PE ontmoet en toe plaastoe gekom. Charl het 'n Merino-, Bonsmara- en Nooitgedacht perde stoeterye. Ek het gou besef dat ek nie 'n boer is nie en dat dit belangrik is om 'n stokperdjie te hê en om besig te bly. Ek het by die Colesberg tuinbouklub aangesluit en ook vir 'n tuisnywerheid op Philipstown begin bak. Aan die begin van 2005 het Nell-Marie van Eden dames van die omgewing genooi om by haar op die plaas te kom kwilt. Sowaar 30 dames het opgedaag, 'n kwiltgroep is gestig en ek het my passie ontdek.

Laslapwerk is 'n baie ou kunsvorm wat met die Amerikaanse Setlaars geassosieer word, maar eintlik dateer die kunsvorm terug na die laat 19de eeu VC waar dit in Noord Afrika en die Ooste beoefen is. Hoewel ons in die algemeen praat van kwilt, doen ons eintlik laslapwerk. Dit bestaan uit die las van blokkies. Wanneer al drie die lae, naamlik die bolaag, watterseel en onderlaag opmekaar geplaas word en geryg is, kan jy begin kwilt met klein rygstekies of met die masjien. Daar is 'n paar basiese dinge wat jy nodig het: 'n snymat, rollemsnyer en linaal is

belangrik. Op Philipstown is die wonderlikste winkel, "Laslappie", wat iets van alles het vir kwilters. Daar is ook krale, pèrels, mooi geskenke en 'n tuisnywerheid.

Die keuse van materiaal is belangrik. Suiwer katoen word aanbeveel en is die geskikste om mee te werk, hoewel enige lap gebruik kan word. Dis is die moeite werd om duursame materiaal te gebruik en dit moet ook klaar gewas en gekrimp wees voor gebruik. Let ook op dat die lap dig geweef is - materiaal moet verkieslik nie te los geweef wees nie. 'n Kwilt is 'n duur artikel, so die gebruik van duursame materiaal is die moeite werd. Die kleurwaarde van die lap naamlik lig, medium en donker speel 'n baie belangrike rol in die sukses van jou artikel. Beplan dus die kleur van jou lappies baie sorgvuldig.

Op Philipstown kom ons elke einde van die maand bymekaar. Ons is voorwaar 'n begeesterde klomp kwilters. Mense van klein dorpie in die area doen navraag en al hoe meer groepe kom by mekaar vir die ontspanning, heerlike sosiale verkeer en om jou kreatiewe sy uit te leef. Kwiltwerk is nie moeilik nie en ons help mekaar ook waar nodig. Ons hou 'n 'show and tell', ons leer nuwe tegnieke, ons kuier, ons bewonder die mooi lap en ons gaan huis toe vol nuwe idees en planne. As temas het ons al vriendskapskwilte, harte blokke en Kersfeesblokke gemaak.

Verskeie kursusse is al aangebied en ons het ook 'n uitstalling gehou. Gedurende 2007 het



Issie Steenberg van Bloemfontein vir ons in 'n beginners kursus kom aanbied. Sy het ons verskeie tegnieke geleer, onder andere handlas, Engelse papierlas, strooklaswerk, papierlaswerk, appliek en nog baie meer. In 2008 is sy genooi om 'n verdere kursus te kom aanbied, want ons was almal verslaaf aan kwilt.

My lewe het voorwaar verander - daar is nie meer ledige oomblikke nie en natuurlik lewer die man in jou lewe ook nou en dan kommentaar. Die Karoo is sag op die siel - kwilt is terapie vir die gemoed. ■

Enigiemand wat wil kwilt, kan vir my, die winkel of Nell-Marie skakel. Kontaknommers: Nell-Marie van Eden - 053652 vra vir Philipstown 2313; Laslappie Philipstown - 0536520270; Maryna Visser - 051 753 1347

